

DRAKENSBERGER GR150261. Eienaars: Mnre. Gawie (foto) en Frik Roux. Mnre. Gawie en Frik Roux bedryf Rouvus Drakensberger op die plase Kalkfontein en Rondebossie by Ventersburg, waar halfsoet weiding voorkom.

Die bulkalwers ondergaan 'n vergelykingstoets in die Rouxvus fase C-toetssentrum omdat voeromsettingsverhouding (VOV) ekonomies so belangrik is. Hulle gebruik 'n vyfpuntplan. Koeie moet elke jaar kalf en 'n goeie tussenkalfperiode en bogemiddelde speengewig handhaaf. Vir die kommersiële beesboer is speengewig geld in sak. Die bulle moet die VOV-seleksie, dekbehendigheid en keuring vir die regte bou slaag. GR150261 het besonderse, gebalanseerde teelwaardes en teel ligte kalwers met 'n baie goeie voeromsettingsverhouding. Hy is ook iets vir die oog. Met keuring het hy meer as 80% behaal.

NAVRAE: E-pos: **gawiedrakensberger@gmail.com**; sel **083 264 5487**.



GELBVIEH ANS150078. Eienaar: Mnr. Koos Geldenhuys. Die Ansoria-stoetery word op die plaas Jakkalsfontein van mnr. Koos Geldenhuys, Klerksdorp, aangehou. Die plaas is reeds sewe geslagte lank in dieselfde familie en veeboerdery was nog altyd die primêre bedryf. Die Gelbviehkudde is volgende jaar 30 jaar oud.

Geldenhuys boer ekstensief met die beeste en die diere bly somer en winter op die veld, waar hulle slegs 'n lek kry.

Die stoetery het die ras reeds sewe keer in die vorige prestasietoetsklas op die Pretoria-skou verteenwoordig en dit twee keer gewen.

Die Gelbvieh is 'n dubbeldoelras met volop melk en uitstekende groei-eienskappe. Die vroulike diere is uitstekende moeders. Die bulle is nie uitermate groot nie en is dus ideaal vir kruisteling. Die Gelbvieh is 'n baie rustige bees, wat hantering van die diere 'n plesier maak.

NAVRAE: E-pos: **koos@jjg.co.za**; sel **083 250 9770**.

HEREFORD ZK150163. Eienaar: Dr. Carl Scholtz. Die Herefordstoetery Zuikerkop van dr. Carl Scholtz van Clocolan is deel van die Zuikerkop-groep se suksesvolle, gemengde boerdery met Herefords, mielies, sojabone en Merino- en Dormerskape.

Die Scholtze van Zuikerkop boer reeds vir vier geslagte met Herefords. Die beeste presteer besonder goed op natuurlike weiding in die somer en oesreste, kuilvoer en groenvoer in die winter.

Hierdie fase D-bul was deel van 'n groot groep bulle wat getoets is en hy het baie goed presteer. ZK150163 het goeie lengte van lyf, goeie balans, beweeg baie goed en het 'n goeie haarkleed, volle pigmentasie en 'n goeie toplyn.

Hy is 'n sprekende voorbeeld van 'n uitstekende bul om die Herefordras te verteenwoordig.

NAVRAE: E-pos: **drscholtz@zuikerkop.co.za**; sel **083 305 0668**.



LIMOUSIN DL150159 Devlan Knifepoint. Eienaars: Mnr. John en mev. Tracey Devonport. Die Limousinstoetery Devlan van mnr. John en mev. Tracey Devonport lê aan die Vaaldam se boonste oewer. Die landgoed Water's Edge front vir 20 km aan die dam. Die Devonports het waterregte en plant mielies in die somer om kuilvoer te maak en hawer in die winter vir groenweiding. Verder loop die beeste op suurveld.

DL150159 Devlan Knifepoint is al in die kudde gebruik om koeie te dek en het goed gebalanseerde teelwaardes. Die Limousin lewer baie vleis, danksy die uitsonderlike uitslagpersentasie en doeltreffende karkas wat vleisopbrengs betref as 'n karkas ontbeen word. Boonop het die ras uitstekende basterkrag as Limousinbulle met plaaslike, inheemse rasse gekruis word. Die koeie kalf maklik danksy klein kalwers wat ná geboorte vinnig groei.

NAVRAE: E-pos: **john@devonport.co.za**; sel **083 454 3095**.